

Handelinge 8

Handelinge 8:1-40

1 En Saulus het ook sy vermoording goedgekeur.

En daar het in dié tyd 'n groot vervolging teen die gemeente in Jerusalem ontstaan, en almal is verstrooi oor die streke van Judéa en Samaría, behalwe die apostels. 2 En godvresende manne het Stéfanus begrawe en 'n groot rou oor hom bedrywe.

3 Maar Saulus het die gemeente verwoes en in die huise gegaan en manne en vroue uitgesleep en in die gevangenis oorgelewer.

4 En die wat verstrooi was, het die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig. 5 En Filippus het afgekom in 'n stad van Samaría en Christus aan hulle verkondig. 6 En die skare het eendragtig ag gegee op die woorde van Filippus toe hulle dit hoor en die tekens sien wat hy doen. 7 Want uit baie van die wat onreine geeste gehad het, het die geeste uitgegaan terwyl hulle met 'n groot stem skreeu; en baie wat lam en kreupel was, het gesond geword. 8 En daar was groot blydskap in daardie stad.

9 En 'n sekere man met die naam van Simon het vantevore in die stad met towery omgegaan en die bevolking van Samaría verbyster deur te sê dat hy iets besonders was. 10 En almal, klein en groot, het hom aangehang en gesê: Hy is die groot krag van God.

11 En hulle het hom aangehang, omdat hy hulle 'n geruime tyd deur sy towerye verbyster het. 12 Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue. 13 En Simon het ook self gelowig geword, en nadat hy gedoop was, gedurig by Filippus gebly; en hy was verbaas toe hy die tekens en groot kragte sien gebeur.

14 En toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaría die woord van God aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur. 15 Hulle het afgekom en vir hulle gebid, dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, 16 want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van die Here Jesus. 17 Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.

18 En toe Simon sien dat deur die handoplegging van die apostels die Heilige Gees gegee word, het hy hulle geld aangebied 19 en gesê: Gee aan my ook hierdie mag, sodat elkeen wat ek die hande oplê, die Heilige Gees kan ontvang.

20 Maar Petrus sê vir hom: Mag jou geld saam met jou vergaan, omdat jy gedink het om die gawe van God deur geld te verkry. 21 Jy het geen deel of lot in hierdie saak nie, want jou hart is nie reg voor God nie. 22 Bekeer jou dan van hierdie boosheid van jou, en bid God of die gedagte van jou hart jou miskien vergewe mag word. 23 Want ek sien dat jy in 'n gal van bitterheid en bande van ongeregtheid is.

24 Maar Simon het geantwoord en gesê: Bid julle tot die Here vir my, sodat niks van wat julle gesê het, oor my mag kom nie.

25 Nadat hulle dan kragtig getuig en die woord van die Here gespreek het, het hulle na Jerusalem teruggegaan en die evangelie aan baie dorpe van die Samaritane verkondig.

26 En 'n engel van die Here het met Filippus gespreek en gesê: Staan op en gaan na die suide op die pad wat afloop van Jerusalem na Gasa. Dit is 'n eensame pad.

27 Toe het hy opgestaan en gegaan.

En daar was 'n man van Ethiópië, 'n hofdienaar, 'n staatsamptenaar van Kandacé, die koningin van die Ethiópiërs, wat oor al haar skatte was en na Jerusalem gekom het om te aanbid. 28 En hy was op die terugreis en het op sy wa gesit en die profeet Jesaja gelees. 29 Toe sê die Gees vir Filippus: Gaan daarheen en bly by daardie wa.

30 En Filippus het daarheen gehardloop en hom die profeet Jesaja hoor lees; en hy sê: Verstaan u wel wat u lees?

31 En hy antwoord: Hoe kan ek tog as niemand my die weg wys nie?

Toe vra hy Filippus om op te klim en by hom te kom sit. 32 En die gedeelte van die Skrif wat hy besig was om te lees, was dít: Soos 'n skaap is Hy gelei om geslag te word, en soos 'n lam wat stom is voor die een wat hom skeer, so maak Hy sy mond nie oop nie. 33 In sy vernedering is sy oordeel weggeneem, en wie sal sy geslag beskrywe? Want sy lewe word van die aarde weggeneem.

34 En die hofdienaar antwoord en sê vir Filippus: Ek bid u, van wie sê die profeet dit, van homself of van iemand anders?

35 En Filippus het sy mond geopen en van hierdie Skrif af begin en die evangelie van Jesus aan hom verkondig.

36 En terwyl hulle voortreis op die pad, kom hulle by water; en die hofdienaar sê vir hom: Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word?

37 Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof.

En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.

38 En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop. 39 En toe hulle uit die water opklim, het die Gees van die Here Filippus skielik weggevoer, en die hofdienaar het hom nie meer gesien nie, want hy het sy weg met blydschap gereis.

40 Maar Filippus is in Asdod gevind. En hy het die land deurgegaan en die evangelie verkondig in al die stede, totdat hy in Cesaréa gekom het.

1. Handeling 8:1-3 – Die vervolging van die kerk in Jerusalem

1 En Saulus het ook sy vermoording goedgekeur.

En daar het in dié tyd 'n groot vervolging teen die gemeente in Jerusalem ontstaan, en almal is verstrooi oor die streke van Judéa en Samaría, behalwe die apostels. 2 En godvresende manne het Stéfanus begrawe en 'n groot rou oor hom bedrywe.

3 Maar Saulus het die gemeente verwoes en in die huise gegaan en manne en vroue uitgesleep en in die gevangenis oorgelewer.

1.1 Vrae by Handeling 8:1-3

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">1. Wat moet 'n mens verstaan onder die woord <i>goedgekeur</i>? (vers 1)2. Deur wie is die vervolging van die gemeente gedoen? (vers 1)3. Wat is opmerklik aan die plekke waarheen die gemeente verstrooi is? (vers 1)4. Waarom is die apostels nie verstrooi nie? (vers 1) |
|--|

Die eerste woorde van Handeling 8:1 hoort inderwaarheid nog tot die vorige hoofstuk. Dit is nou die tweede keer in 'n kort tydjie dat Lukas Saulus se naam so uitdruklik noem. Hy word 'n derde keer in vers 3 genoem. Saulus het die vernaamste vervolger van die kerk van Jesus geword. In die brief aan die Galasiërs sê Paulus dit in soveel woorde: **Want julle het gehoor van my lewenswandel vroeër in die Jodedom, dat ek die gemeente van God uitermate vervolg en dit verwoes het; en dat ek in die Jodedom vooruitgegaan het bo baie van my**

leeftyd onder my stamgenote, terwyl ek veral 'n yweraar was vir die oorleweringe van my voorvaders (Galasiërs 1:13-14 AFR53).

Wanneer Lukas dan skryf dat Saulus die vermoording van Stefanus **goedgekeur** het, is dit meer as net om te sê dit is goed gewees. Vir Saulus was dit iets waaroor hy in sy hart gejuig het. Dit blyk dat daar nie vir hom 'n beter manier was om sy ywer vir God en God se saak te toon as juis deur die vernietiging van die gelowiges van Jesus nie.

Met die dood van Stefanus is die vuur van haat teen die volgelinge van Jesus hoog aangeblaas. Alhoewel Lukas dit nie uitdruklik sê nie, kan daar uit die konteks afgelei word dat hierdie vervolging teen die kerk deur die **Jode** aangerig is. Dit is nou nie net meer die Joodse Raad wat teen die verkondiging van die leer van Jesus is nie. Lukas het reeds in Handeling 6:8-15 aangetoon dat dit veral die Jode uit die verstrooiing is wat hulle teen Stefanus se verkondiging verset het en hom voor die Joodse Raad gesleep het. Saulus was self 'n Jood wat in die verstrooiing groot geword het. Dit wil dan voorkom of dit veral die Jode uit die verstrooiing is wat die vervolging gepleeg het. Hulle het egter amptelike goedkeuring daarvoor gehad en waarskynlik ook hulp vanuit die Jode in Jerusalem en Judea self. Die Joodse Raad het beslis hierdie vervolging ondersteun.

Die volgelinge van Jesus is oor die streke van **Judea en Samaria** verstrooi. Wanneer 'n mens teruggaan na Jesus se opdrag aan die apostels in Handeling 1 merk 'n mens op dat dit juis die plekke is wat Hy genoem het waar die apostels getuies van Jesus sal wees wanneer hulle die Heilige Gees ontvang het.

In hierdie kort tydjie sedert die uitstorting van die Heilige Gees het Jesus sy kerk genoegsaam gevestig in Jerusalem. Jerusalem is die eerste plek waar die apostels getuies van Jesus moes wees. Weens verskeie omstandighede soos wat dit uit die boek tot dusver duidelik geword het, het die apostels nog nie verder as Jerusalem hulle getuienis van Jesus gelewer nie.

Jesus het egter die verspreidingsplan van die getuienis aangaande Hom neergelê. As God sorg Hy dat hierdie verspreidingsplan uitgevoer word. Hier kom 'n mens agter hoe die Here in sy almag en wysheid ook die boosheid van die Jode gebruik om sy raadsbesluite uit te voer. Deur die gelowiges wat swaar getref is met die vervolging, verheerlik die Here Homself deur die verspreiding van sy evangelie.

Die feit dat die **apostels** nie saam met die res van die gemeente verstrooi is, word daaraan toegeskryf dat hulle Hebreussprekende Jode was. Hierbo is opgemerk dat dit blyk of die vervolging teen die gemeente vanuit die algemene Joodse bevolking van die kant van die Jode uit die verstrooiing gekom het. Stefanus was self 'n Griekssprekende Jood wat die evangelie aan die Griekssprekende Jode gebring het en wat gelei het tot sy verhoor en moord.

Uit die Skrifgedeelte kan daar nie 'n enkelvoudige rede genoem word waarom die apostels nie verstrooi is nie. Wat egter wel met sekerheid gesê kan word, is dat die Here dit so beskik het dat die apostels vir eers nog in Jerusalem teenwoordig moes wees. Mettertyd het die Here die apostels uit Jerusalem geneem om in Judea en Samaria werksaam te wees.

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">5. Wie was die godvresende manne wat Stefanus begrawe het? (vers 2)6. Hoekom noem Lukas dat hulle 'n groot rou oor hom bedryf het? (vers 2) |
|--|

Hierdie **godvresende** manne was nie volgelingen van Jesus nie. Hulle was dus nie Christene nie. Tot dusver het Lukas telkens na die Christene verwys as gelowiges of dissipels. Die woorde wat ons vertaal met *godvresende manne* is dieselfde woorde wat in Handeling 2:5 vertaal is met *godsdienstige manne*. Hulle is dus Jode wat hulle onderwerp aan die Here alhoewel hulle nie Christene is nie.

Hieruit word dit duidelik dat nie al die Jode in Jerusalem met haat teenoor die gelowiges en die volgelingen van Jesus vervul was nie. Hierdie mense het uit eerbied vir God en met agting vir Stefanus hom gaan begrawe.

Dat hierdie godvresende Jode Stefanus gaan begrawe het, was nog gepas. Die feit dat hulle ook 'n **groot rou oor hom bedryf het** is uitsonderlik. Volgens die Joodse

gebruik soos opgeteken in die Mishna was dit onvanpas om te treur oor iemand wat gestenig is. Hierdie rou wat bedryf is, maak dit duidelik dat sommige Jode van oordeel was dat die steniging van Stefanus uiters ongelukkig was en hulle kon hulleself nie daarmee vereenselwig nie.

7. Hoe het Saulus teenoor die gemeente opgetree? (vers 3)

8. Hoekom noem Lukas die manne *en vroue* wat uitgesleep is? (vers 3)

Inteenstelling met wat die godvresende manne met Stefanus gedoen het, het Saulus met uiterste haat begin om die gemeente te **verwoes**. Die woord wat ons met *verwoes* vertaal kom net hier in die Nuwe Testament voor en word in die Griekse vertaling van Psalm 80:14 gebruik om te vertel hoe 'n wildevark 'n wingerd verwoes. Saulus het soos 'n besete dier op die gemeente afgestorm om dit geheel en al te vernietig. Hierdie was nog net die begin van die verwoesting en vervolging waarin Saulus die leiding geneem het.

Saulus het in die huise ingegaan. Huise kan verwys na die plekke waar die gelowiges bymekaar gekom het of dit kan verwys na die wonings van die gelowiges, aangesien woonhuise dikwels gebruik is as vergaderplekke van die gelowiges. Dit is egter duidelik dat Saulus geen agting vir die privaatheid van die gelowiges gehad het nie. Hy het in die huise ingestorm en manne en vroue uitgesleep.

Tot dusver het Lukas nog net vertel hoe die Joodse Raad en die bevolking teenoor die manne onder die gelowiges opgetree. In al drie die vorige gevalle waar die gelowiges verhoor is, was dit net die apostels en Stefanus wat voor die Joodse Raad gebring is. Saulus se oogmerk is om die gemeente geheel en al uit te roei. Daarom vestig hy sy aandag nie net op die leiers of op die manne onder die gelowiges nie, maar hy sleep manne en **vroue** uit en gooi hulle in die gevangenis. Saulus is daarop uit om 'n totale vernietiging aan te rig.

2. Handeling 8:4-25 – Die evangelie in Samaria verkondig

2.1 Handeling 8:4-8 – Filippus se werk in Samaria

4 En die wat verstrooi was, het die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig. 5 En Filippus het afgekom in 'n stad van Samaria en

Christus aan hulle verkondig. 6 En die skare het eendragtig ag gegee op die woorde van Filippus toe hulle dit hoor en die tekens sien wat hy doen. 7 Want uit baie van die wat onreine geeste gehad het, het die geeste uitgegaan terwyl hulle met 'n groot stem skreeu; en baie wat lam en kreupel was, het gesond geword. 8 En daar was groot blydschap in daardie stad.

2.1.1 Vrae by Handeling 8:4-8

1. Wie is dit wat verstrooi was en die land deurgegaan het? (vers 4)
2. Wat is opmerklik aan hierdie vlugteling se optrede? (vers 4)
3. Wie is hierdie Filippus? (vers 5)

In vers 1 het Lukas reeds opgemerk dat **die gemeente in Jerusalem** verstrooi is oor die streke van Judea en Samaria as gevolg van die groot vervolging wat ontstaan het na die dood van Stefanus. Die apostels is egter nie verstrooi nie. Dit is hierdie lidmate van die gemeente in Jerusalem wat dan vanuit Jerusalem in elke windstreek in verstrooi is.

Wat 'n mens normaalweg verwag van mense wat vlug as gevolg van 'n vervolging soos wat in Jerusalem uitgebreek het, is dat hulle vir hulle skuilplek sal soek. Daarby sal vlugteling ook gewoonlik laaglê vir 'n tydlank of aanpas by die mense tussen wie hulle ingevlug het om so onopsigtelik as moontlik te wees. In die geval van hierdie gelowiges sou dit beteken dat hulle juis so by die res van die Judese en Samaritaanse mense sou aanpas dat hulle nie as volgeling van Jesus uitgeken sou word nie. Die teendeel gebeur egter. Hierdie mense wat verstrooi is, het so ver as wat hulle gegaan het **die evangelie verkondig**.

Hulle het met mense gepraat so ver as wat hulle gegaan het juis oor dit waaroor hulle vervolgd word – oor die Christus Jesus. Hierin merk 'n mens op dat die gebed van die gelowiges waarin hulle die Here om vrymoedigheid gevra het (Hand 4:24-31) om getuies te wees van Jesus steeds verhoor word. Dit is ook opmerklik dat dit nie net die apostels was wat nie kon stilbly oor wat hulle gesien en gehoor het nie (Hand 4:20), maar al die gelowiges het oorgeloop van die evangelie.

Onder die apostels was daar ook 'n Filippus (Mark 3:18). Lukas het in vers 1

opgemerk dat die apostels nie verstrooi is uit Jerusalem nie. Dus kan hierdie Filippus nie die apostel wees nie en ons kan met sekerheid aanvaar dat hy die Filippus is wat as **een van die sewe gekies** is om die tafels te bedien nadat die Griekssprekende gelowiges gemurmureer het (Hand 6:5).

4. Wat het hy in die stad van Samaria gedoen? (vers 5)

5. Wie was die Samaritane? (vers 5)

Soos die ander gelowiges wat ook oor die streke van Judea en Samaria verstrooi is, het Filippus ook die evangelie verkondig in die stad van Samaria waar hy gekom het. Lukas skryf uitdruklik dat hy **Christus** aan die mense in die stad verkondig het. Die verspreidingsplan van die evangelie soos Jesus dit wil hê begin nou daadwerklike vorm aanneem (Hand 1:8).

Sommige verklaarders verstaan dat hierdie stad die stad Samaria was. Samaria was egter nie net 'n stad se naam nie, maar die hele streek noord van Judea het as Samaria bekend gestaan. Uit die evangelie word Samaria net in Johannes en Lukas vermeld. Johannes berig oor die gesprek wat Jesus met die Samaritaanse vrou gehad het by die put buite die stad Sigar in Samaria (Joh 4). Hierdie gesprek van Jesus het daartoe aanleiding gegee dat baie mense in die stad tot geloof gekom het. Lukas berig dat Jesus op sy reis na Jerusalem deur Samaria sou gaan, maar die Samaritane wou as gevolg van die eeue lange vyandskap tussen hulle en die Jode nie huisvesting gee nie (Luk 9). Daarop wou Jakobus en Johannes vuur uit die hemel afroep om die Samaritane te verteer.

Die Jode het die **Samaritane** etnies en godsdienstig as agterlikes beskou. Toe die Assiriërs vir Israel (die Noordelike Ryk) in 722 vC in ballingskap weggevoer het, het hulle die armstes van die Jode agtergelaat. Later het hulle ander heidene in die grondgebied van Israel gaan vestig. Die agtergeblewe Jode het met hierdie heidene vermeng geraak en dit is waar die Samaritaanse bevolking ontstaan het. Uit die dae van Esra en Nehemia weet ons ook van die Samaritane se teenkating teen die herstel van Jerusalem se muur en die herstel van die tempel. Die Samaritane het hulle aanbiddingsplek gevestig op die Berg Gerisim (Joh 4:20). Die Samaritane het

die eerste vyf boeke – die Pentateug – as gesagvol aanvaar en het 'n persoonlike Messias wat soos Moses sal wees verwag.

Dit is tog opmerklik dat die Here in sy alwysheid nie 'n Hebreeus sprekende gelowige gebruik het om in hierdie stad Christus te verkondig nie, maar vir Filippus 'n Griekssprekende Jood en volgeling van Jesus Christus.

6. Wat was die Samaritane se reaksie op Filippus se woorde? (vers 6)
7. Wat het Filippus nog gedoen naas die verkondiging? (vers 6 en 7)
8. Wat was die gevolg van Filippus se werk in die stad? (vers 8)

Die Samaritane het **eendragtig ag gegee** op die woorde wat Filippus verkondig het. Die Heilige Gees het hierdie mense deur die verkondiging van Filippus oortuig van die waarheid van Christus. So anders as by die Jode wat die heelyd 'n woordestryd wil voer, het hierdie mense eendragtig met volle aandag geluister na die woorde wat Filippus verkondig.

Die Here het die verkondiging van Filippus ook **met wonders en tekens** bevestig. Dit is soortgelyke tekens en wonders wat Jesus self gedoen het toe Hy sy Middelaarswerk op aarde gedoen het. Nou sit Hy dit voort vanuit die hemel deur die diensknegte wat Hy daarvoor aangestel het. Met hierdie bevestiging wys die Heilige Gees daarop dat die verkondiging nie net deur die apostels kragtig is nie, maar dat dit kragtig is omdat dit die Here se eie evangelie is. Elke gelowige kan die evangelie verkondig. Die uitwerking van die evangelie geskied op grond van die Here se eie belofte.

Gevolglik was daar **groot blydskap** in die stad. Die mense van hierdie stad het die waarheid van die evangelie nie net innerlik in hulle lewens beleef nie. Hulle het die waarheid van die evangelie van Jesus Christus met hulle eie oë gesien gebeur. Christus is waarlik die Verlosser wat deur God belowe en gestuur is. En waar Christus geglo word, kom daar bevryding.

2.2 Handeling 8:9-13 – Simon die towenaar word gelowig

9 En 'n sekere man met die naam van Simon het vantevore in die stad met towery omgegaan en die bevolking van Samaría verbyster deur te sê dat hy

iets besonders was. 10 En almal, klein en groot, het hom aangehang en gesê: Hy is die groot krag van God.

11 En hulle het hom aangehang, omdat hy hulle 'n geruime tyd deur sy towerye verbyster het. 12 Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue. 13 En Simon het ook self gelowig geword, en nadat hy gedoop was, gedurig by Filippus gebly; en hy was verbaas toe hy die tekens en groot kragte sien gebeur.

2.2.1 Vrae by Handeling 8:9-13

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">1. Waarmee het Simon hom besig gehou? (vers 9)2. Watter uitwerking het Simon se towery op die bevolking gehad? (vers 9 tot 11) |
|---|

In die stad waar Filippus die evangelie van Christus verkondig het, was daar ook 'n man met die naam Simon. Lukas berig dat hy hom voorheen – dit is voordat hy ook gelowig geword en gedoop is (Hand 8:13) – met **towery** besig gehou het. Hierdie Simon staan ook bekend as Simon die Towenaar.

Die towery waarmee Simon hom besig gehou het, is nie die vlug van hand oë verblindery waarmee sogenaamde towenaars – eintlik kulkunstenaars – besig is nie. In die Bybel word towery geassosieer met die okkulte. Watter soort kragte Simon ook al gehad het was van die duiwel self en nie van God nie. In die Ou Testament kry ons al met sulke mense te doen. Die towenaars van Egipte kon ook hulle kieries in slange verander, die Nyl se water in bloed verander, paddas laat opkom (Eks 7:11-12, 22; 8:7). Daar is dus mense wat onder die mag van die duiwel is en towery kan pleeg. Die Here waarsku in Openbaring dat die dier uit die aarde ook groot tekens sal kan doen waardeur hy die mense van die aarde sal mislei (Open 13:13-14).

Hierdie Simon het hierdie okkultiese handeling gepleeg. Daar het hy op die onkunde en bygeloof van die mense geteer en sy populariteit verhoog.

Die mense van Samaria was **verbyster** oor wat hy gedoen het. En hulle het hom selfs **aangehang** oor wat hy kon regkry. Simon se towery het die inwoners van die

stad en Samaria uit die veld geslaan. Hulle kon nie verstaan of verklaar hoe dit gebeur het wat hy gedoen het nie. Omdat hulle nie 'n logiese verklaring kon gee vir wat gebeur nie en waarskynlik omdat sy towerkunste vir hulle so wonderlik was, het hulle hom aangehang. Waarskynlik het sy towerkunste vir die inwoners van die stad voordeel gegee op een of ander manier.

Afgesien daarvan die inwoners van Samaria verbyster was oor Simon se towerkunste het die mense selfs sover gegaan om te sê dat **Simon die groot krag van God is**. Omdat die mense van Samaria nie Simon se towerkunste kon verklaar nie, het hulle aangeneem dat dit bonatuurlik moet wees. Vanuit hulle ongelowigheid het hulle dit sommer toegeskryf aan God. In hulle oë het Simon nie net krag van God ontvang nie. Hulle het gesê hy is die groot krag van God.

- | |
|--|
| <p>3. Op grond waarvan het die mense hom aangehang? (vers 9)</p> <p>4. Wat het Filippus verkondig? (vers 12)</p> |
|--|

Simon het homself nie net deur middel van sy towerkunste populêr gemaak onder die inwoners van Samaria nie. Hy het self ook **gesê dat hy iemand besonders is**. Met sy towerkunste waarmee hy die mense van Samaria verbyster het, het hy die mense laat dink dat hy regtig iemand besonders is. Dit het daartoe gelei dat hulle hom aangehang het en homself lof toegeswaai het as die groot krag van God.

Gamaliël het vroeër aan die Joodse Raad gesê dat Theudas ook gesê het dat hy iemand besonders is en daardeur vir hom 'n gevolg van vier honderd man bymekaar gemaak (Hand 5:36). Iemand wat so van homself praat, soek sy eie eer, het Jesus gesê (Joh 7:18). Simon was dus besig om sy eie beuel te blaas, sodat mense na hom sal opkyk en hom aanhang en sodoende ook van hom afhanklik sal word.

Filippus aan die ander kant het homself nie bevorder met die wonders en tekens wat hy gedoen het nie. Hy het die **evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig**. Met die verkondiging en die doen van wonders en tekens het Filippus die aandag weg van homself na God se koninkryk en na Jesus Christus herlei. Filippus het nie vir homself 'n aanhang onder die inwoners van Samaria gesoek nie. Met sy verkondiging wil hy hê dat die inwoners van

Samaria Jesus Christus sal aanhang en hulle aan die heerskappy van God sal onderwerp. In lyn met Jesus se eie woorde het Filippus die eer gesoek van die Een wat hom gestuur het na Samaria.

5. Watter uitwerking het Filippus se verkondiging op die mense gehad? (vers 12)
6. Watter uitwerking het Filippus se verkondiging op Simon gehad? (vers 13)
7. Waarom was hy gedurig by Filippus? (vers 13)

Soos wat Lukas dit beskryf lyk dit asof die mense wat vroeër verbyster was deur Simon se towerkunste en hom aangehang het, vir Filippus **geglo** het toe hulle die evangelie gehoor het. Hierdie kontras moenie toegeskryf word aan Filippus se oortuigingsvermoë nie. Dit is nie Filippus wat die mense laat glo het nie. Hy het alleen getuienis gelewer van Jesus Christus. Met die evangelie het die Heilige Gees hierdie mense uit die duisternis van die okkulte oorgebring na die lig van die evangelie. Die Heilige Gees het die geloof in hulle harte gewerk. Omdat hulle geglo het, het hulleself dan ook aan die heerskappy van God en Christus onderwerp en hulle is **gedoop**.

Simon het self ook **gelowig geword** na aanleiding van Filippus se verkondiging van die evangelie. Uit die teks is dit nie moontlik om af te lei dat Simon se geloof nie opreg was nie. Soos die ander manne en vroue wat tot geloof gekom het, het Simon ook gelowig geword. En omdat Simon ook sy geloof soos die ander manne en vroue bely het, is hy gedoop. Calvyn het oor Simon die opmerking gemaak dat 'n mens waarskynlik moet soek na iets tussen voorgee om te glo en waarlik glo. Vir almal teenwoordig – ook vir Filippus, want hy het hom gedoop – het dit gelyk asof Simon opreg in Jesus Christus geglo het.

Vroeër het Simon ander mense verbyster met sy towerkunste. Nou is hy self verbaas oor die tekens en groot kragte wat die Here deur Filippus gedoen het. In die oorspronklike taal word dieselfde woord vertaal met *verbyster* of *verbaas*. Die wyse waarop Lukas dit beskryf laat 'n mens dink dat Simon na sy doop by Filippus gebly het juis **oor die tekens en groot kragte** wat deur Filippus plaasgevind het. Simon het geglo, maar die tekens en groot kragte het hom blykbaar meer gefasineer as wat die evangelie van Christus hom moes gefasineer het.

2.3 Handeling 8:14-25 – Petrus en Johannes se werk in Samaria

14 En toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaria die woord van God aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur. **15** Hulle het afgekom en vir hulle gebid, dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, **16** want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van die Here Jesus. **17** Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.

18 En toe Simon sien dat deur die handoplegging van die apostels die Heilige Gees gegee word, het hy hulle geld aangebied **19** en gesê: Gee aan my ook hierdie mag, sodat elkeen wat ek die hande oplê, die Heilige Gees kan ontvang. **20** Maar Petrus sê vir hom: Mag jou geld saam met jou vergaan, omdat jy gedink het om die gawe van God deur geld te verkry. **21** Jy het geen deel of lot in hierdie saak nie, want jou hart is nie reg voor God nie. **22** Bekeer jou dan van hierdie boosheid van jou, en bid God of die gedagte van jou hart jou miskien vergewe mag word. **23** Want ek sien dat jy in 'n gal van bitterheid en bande van ongeregtigheid is.

24 Maar Simon het geantwoord en gesê: Bid julle tot die Here vir my, sodat niks van wat julle gesê het, oor my mag kom nie.

25 Nadat hulle dan kragtig getuig en die woord van die Here gespreek het, het hulle na Jerusalem teruggegaan en die evangelie aan baie dorpe van die Samaritane verkondig.

2.3.1 Vrae by Handeling 8:14-25

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">1. Waarom is Petrus en Johannes deur die apostels na Samaria gestuur? (vers 14)2. Wat was Petrus en Johannes se bevinding in Samaria? (vers 15) |
|--|

Tot dusver het nog net Hebreeus- en Griekssprekende Jode tot bekering en geloof in Jesus Christus gekom. Jesus het aan die apostels die opdrag gegee dat wanneer hulle die Heilige Gees ontvang, sal hulle sy getuies wees in Jerusalem, Judea, Samaria tot aan die uithoeke van die aarde (Hand 1:8). Die apostels was tot nou toe nog net getuies van Jesus in Jerusalem en tot 'n sekere mate getuies van Hom in Judea. Die apostels het volgens die getuienis van Lukas nie uit Jerusalem gegaan

nie, maar die mense van die stede in die omtrek van Jerusalem het hulle siekes na Jerusalem gebring (Hand 5:16).

Filippus se verkondiging in die stad van Samaria kan dan as die eerste amptelike verkondiging van die evangelie aan die Samaritane beskou word. Nou het die berig in Jerusalem aangekom dat ook die Samaritane die woord van God aangeneem het. Vir die Jode sou dit aanvanklik te goed gewees het om waar te wees omdat die geskiedenis tussen die Jode en die Samaritane hulle skepties ingestel gehad het. Aan die apostels het Jesus die sleutels van die koninkryk gegee om te hanteer (Matt 16:19). Daarom is Petrus en Johannes **gestuur om getuies te wees** dat die Samaritane wel die woord van God aangeneem het. Indien die Samaritane dan regtig die woord van God aangeneem het, beteken dit dat hulle ook volgelinge van Jesus is soos die Hebreeus- en Griekssprekende Jode en hoort hulle ook tot die kerk van Jesus Christus.

Lukas berig nie oor die ondersoek wat Petrus en Johannes gedoen het nie en ook nie hoe Petrus en Johannes sou weet dat hierdie mense nog nie die Heilige Gees ontvang het nie. Die enigste afleiding wat ons uit die Skrifgedeelte kan maak is dat die Heilige Gees vir Petrus en Johannes die onderskeiding gegee het, sodat hulle kon weet dat die mense van Samaria nog nie met die Heilige Gees vervul is nie.

Lukas berig slegs dat Petrus en Johannes vir die mense van Samaria gebid het sodat hulle die Heilige Gees mag ontvang. Petrus en Johannes **was dus oortuig** dat die mense van Samaria wel die woord van God aangeneem – die Samaritane het in Jesus Christus geglo. Filippus het die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus aan hulle verkondig. Daarom het die apostels gebid dat die Here Jesus hulle geloof sal bevestig met die werk van die Heilige Gees wat aan die apostels bekend is. Hulle weet wat met mense gebeur wat vervul word met die Heilige Gees, want hulle het dit self al verskeie kere ondervind.

3. Wat beteken dit dat die Samaritane nog net in die Naam van die Here Jesus gedoop is? (vers 16)
4. Watter bewys sou daar wees dat die Samaritane wel die Heilige Gees ontvang het? (vers 16 en 17)

5. Moet ons hierdie proses van glo en later die Heilige Gees ontvang as die normale wyse van werk van God verstaan? (vers 15-17)

Om in die **Naam van die Here Jesus gedoop** te wees, beteken dat die dopeling vereenselwig is met die Here Jesus. Die Samaritane het die woord van God aangeneem. Hulle het dus werklik in Jesus Christus geglo as die enigste en volmaakte Verlosser. Deur die doop in sy Naam het hulle hulleself voluit vereenselwig met Jesus Christus. Hulle sonde en skuld is deur die Vader vergewe op grond van Christus se offer vir hulle. Die Samaritane is ook nou deur die geloof in Jesus Christus voor God geregverdig.

Wanneer die Heilige Gees 'n mens met die evangelie die geloof in Christus skenk en sodoende in die regte verhouding met God bring, is die werk van die Heilige Gees nie klaar nie. Iemand wat pas tot geloof in Christus gekom het, is maar nog soos 'n pasgebore baba. Die mens moet ook nou groei in die geloof. Hierdie groei in die geloof word oor 'n tyd sigbaar.

Lukas berig nie hoe lank dit geneem het voordat Petrus en Johannes deur die ander apostels na Samaria gestuur is nie. By hulle aankoms het die Petrus en Johannes gemerk dat die Samaritane nog pasgebore gelowiges is. Deur die werk van die Heilige Gees glo in Jesus Christus, maar daar is nog nie duidelike tekens van groei in die geloof nie. As daar dan gevra word na die bewyse dat die Samaritane die Heilige Gees ontvang het, dink baie mense aan die tekens wat gepaard gegaan het met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag – die geluid van die wind, die tonge van soos van vuur en die spreek in verskillende tale. Mense dink gewoonlik aan die gebeure wat vir hulle sensasioneel is.

Wanneer 'n mens egter teruggaan in Handeling 2 en soek watter bewyse daar is dat die gelowiges in Jerusalem die Heilige Gees ontvang het, is die bewyse nie die tekens waarvan ons in Handeling 2 lees nie. Die bewyse is eerder in **die veranderde lewenstyl van die gelowiges** merkbaar, soos wat Lukas daarvan berig in Handeling 2:43-47; 4:32-37 asook die vrymoedigheid waarmee die gelowiges Jesus Christus verkondig het (Hand 4:31). Ander bewyse dat gelowiges die Heilige Gees ontvang het, is natuurlik die voortdurende bekering wat in gelowiges plaasvind,

soos wat by Ananias en Saffira moes gebeur het en soos wat wel in die gemeente gebeur en waarvan berig word in Handeling 6:1-7. Die wyse waarop die Samaritane dan vir Petrus en Johannes – wat Jode was – sou ontvang het, sou 'n bewys wees dat die Heilige Gees kragtig in hulle aan die werk is of nie.

Baie mense wil uit hierdie gebeure in Samaria sowel as uit die gebeure in Handeling 10 en 19 die afleiding maak dat hierdie proses van tot geloof kom en later die Heilige Gees ontvang as die normale proses verstaan. En dan konsentreer hulle veral op die tekens wat vir hulle sensasioneel is om te beoordeel of iemand die Heilige Gees ontvang het of nie.

Aangesien Lukas hier geen tekens meld by die ontvangs van die Heilige Gees nie, laat 'n mens dink dat dit nie oor die tekens gaan nie, maar wel oor die verandering in lewenstyl soos hierbo vermeld. Die teken van tale spreek sou hier nie so 'n impak gehad het as op Pinksterdag nie, aangesien die Jode en die Samaritane dieselfde taal gepraat het. Dus moet hierdie proses nie as die normale verstaan word nie. Wat hier eerder verstaan moet word is dat die Here Jesus met die gee van die Heilige Gees aan die Samaritane aan Petrus en Johannes en aan die ander apostels **die bevestiging gee dat hierdie mense werklik tot die gemeente van Christus behoort** en Hy is besig om die koninkryk van God ook na die Samaritane uit te brei. Hier word nog 'n mensgemaakte grens deur die evangelie oorgesteek – die grens tussen Jode en Samaritane – van Judea na Samaria.

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">6. Wat het Simon gesien sodat hy geweet het die mense het die Heilige Gees ontvang? (vers 18)7. Waarom het Simon vir Petrus en Johannes geld aangebied? (vers 18)8. Wat het Simon gedink kan hy met die Heilige Gees doen? (vers 19) |
|--|

Uit die beskrywing van Lukas is dit nie duidelik wat Simon gesien het toe die mense die Heilige Gees ontvang het nie. Maar daar moes iets **merkbaars** verskillend gewees het aan die gelowiges nadat Petrus en Johannes hulle die hande opgelê en hulle die Heilige Gees ontvang het. Dit is hierdie verandering by die gelowiges wat Simon se aandag getrek het.

Vanuit 'n aardse en 'n ongelowige oogpunt het Simon gedink dat die Heilige Gees en die handoplegging om die Heilige Gees op gelowiges af te smee, 'n **kommoditeit is wat met geld bekom kan word**. In sy gedagte het hy gereken dat Petrus en Johannes as apostels uit hulle eie oor die vermoë en vaardigheid beskik om die Heilige Gees te gee aan wie hulle wil. Daarom het hy gereken dat hy die vaardigheid by die apostels kan aankoop.

Hierdie sonde van Simon het algemeen bekend geword as simonie – die sonde om 'n kerklike amp of posisie vir geld te bekom. Simon het nie geweet nie of hy het willens en wetens die Heilige Gees as 'n blote handelsartikel beskou. Hy was onder die indruk dat Petrus en Johannes oor die Heilige Gees beskik om met hom te maak wat hulle wil. Hy moes nog tot die besef kom dat die Heilige Gees self soewereine God is en nie maar net 'n krag of mag wat jy met geld kan bekom nie.

Dit blyk dat Simon gedink **hy kan die Heilige Gees laat kom op wie hy wil** sodra hy die vermoë bekom het deur daarvoor te betaal. Vir hom het dit nie oor die eer van God en die voordeel van die gelowiges gegaan nie, maar oor sy eie eer. Daardie ou sonde van hom om die mense te laat dink dat hy iets besonder is, het nog stewig in sy hart vasgesit. Daarom het hy gereken as hy die mag het om die Heilige Gees deur handoplegging te laat kom op wie hy wil, sal sy aansien net nog groter wees as wat dit in die verlede was toe hy die mense van Samaria met sy towery verbyster het.

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">9. Waarom het Petrus vir Simon so streng berispe? (vers 20)10. Wat was die eintlike probleem by Simon? (vers 21)11. Het Petrus Simon as geheel en al verlore beskou as gevolg van sy sonde? (vers 22)12. Wat bedoel Petrus met die uitdrukking <i>in 'n gal van bitterheid en bande van ongeregtigheid</i>? (vers 23) |
|--|

Die optrede van Simon in Samaria kan vergelyk word met die optrede van Ananias en Saffira in Jerusalem (Hand 5:1-11). Vir die sonde van eie eer soek mag daar geen ruimte gegee word nie. Ananias en Saffira het vir die Heilige Gees gelieg om sodoende deur die gemeente geëer te word as vrygewige mense. Simon het nie vir

die Heilige Gees gelieg nie, maar net soos Ananias en Saffira het **Simon ook nie die Heilige Gees as God erken nie**. Simon het die Heilige Gees as 'n handelsartikel gesien wat hy kan bekom en wat aan hom groter aansien onder die mense in Samaria sal besorg. Daarom het Petrus hom so streng berispe.

God se gawes is gawes. Hy gee dit aan wie Hy wil. Gawes word nie met geld gekoop nie. **o Almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!** (Jesaja 55:1 AFR53).

Deur die verligting van die Heilige Gees het Petrus geweet dat **Simon se hart nie reg is voor God nie**. Met 'n hart wat sy eie eer soek en nie nederig in diens van die Here wil werk nie, kan hy nie deel hê aan die bediening in die gemeente nie. 'n Mens sal nie uit hierdie woorde van Petrus kan aflei dat Simon nie 'n wedergebore Christen is nie. Net die Here kan daardie oordeel maak. Maar die optrede van Simon het duidelik gemaak dat hy homself nie geheel en al in nederigheid aan die Here onderwerp nie, want hy wil die Heilige Gees misbruik om sy eie eer te vergroot.

Die feit dat Petrus hom steeds oproep tot bekering en dat hy tot God moet bid om vergewe word, laat 'n mens verstaan dat **ook Petrus nie vir Simon as geheel en al verlore beskou het nie**. Simon het nie teen die Heilige Gees gelaster nie. Hy het nog vanuit sy vroeëre ongeloof gedink dat die Heilige Gees 'n krag is waarvoor mense kan beskik en mag oor kan uitoefen. God staan egter nie onder 'n verpligting om Simon te vergewe nie. Daarom sê Petrus dat **bid God of die gedagte van jou hart jou miskien vergewe mag word**.

Met die uitdrukking **in 'n gal van bitterheid en bande van ongeregtigheid** beskryf Petrus die toestand van Simon se hart. Sonde en ongerigtigheid veroorsaak 'n bitterheid in 'n mens se lewe (Jer 4:18). Simon is wat sy verstaan van die Heilige Gees en sy siening van homself nog steeds in hierdie bitterheid wat soos bande om sy hart en lewe hom vasknel. As gevolg van die sonde kan daar nie soete lewensvreugde wees nie. Daar is nog geen vryheid nie, want sy ongeregtigheid knel hom vas.

13. Waarom vra Simon vir Petrus om vir hom te bid? (vers 24)

14. Wat het Petrus en Johannes verder nog gedoen? (vers 25)

Simon se versoek dat Petrus vir hom moet bid dat niks van wat Petrus en Johannes vir hom gesê het moet gebeur nie, laat 'n mens nogal aan Saul se optrede dink na sy mislukte poging om die Here voluit te gehoorsaam (1 Sam 15). In plaas daarvan dat Simon **homself voor die Here verneder en bekeer en bid**, vra hy dat Petrus en Johannes vir hom sal bid. Dit laat 'n vraag by 'n mens – het Simon hom werklik bekeer van sy sonde. 'n Ander gelowige kan nie namens jou bekeer nie. Elke mens moet homself voor die Here bekeer.

Natuurlik kon Simon homself in hierdie stadium heeltemal te onwaardig beskou het om die Here om genade te smee. So 'n houding mag opreg bedoel word, maar dit maak dit nog nie reg nie. Dit kan ook wees dat Simon vir Petrus en Johannes so belangrik geag het dat die Here kwansuis eerder na hulle gebed sal luister as na sy gebed. Dat gelowiges vir mekaar kan bid en behoort te bid, is reg. Maar elkeen moet ook self tot die Here bid. Die Here verlang 'n persoonlike verhouding ook met elke gelowige.

Petrus en Johannes het nog verder **van Jesus Christus getuig en die woord van die Here gespreek** in die stad van Samaria. Die Heilige Gees het vir Petrus en Johannes tot die oortuiging gebring dat ook die Samaritane deur die werking van die Heilige Gees tot die gemeente van Christus kan behoort. Vir albei hierdie apostels was dit oorwinnings in hulle eie siening van mense en in besonder van die Samaritane.

Petrus en Johannes is deur die Heilige Gees gelei om te leer dat die Samaritane net soos die Jode sondaars is wat slegs deur die genade van Jesus Christus gered kan word. In die oë van die Jode was die Samaritane agterlik en mense wat liefsvremd moet word. Vir Johannes het die Here 'n ver pad gebring, want vroeër wou Johannes nog saam met sy broer Jakobus die vuur uit die hemel op die Samaritane afroep omdat hulle nie vir Jesus wou ontvang nie (Luk 9:52-54).

Op pad terug na Jerusalem het die twee apostels in al die dorpe van die Samaritane waar hulle langs getrek die evangelie verkondig. Die feit dat hulle na Jerusalem teruggekeer het, is betreurenswaardig. In plaas daarvan dat hulle die geleentheid wat die Here nou gegee het om verder as Samaria ook getuies te wees, keer hulle terug na Jerusalem. Die terugkeer na Jerusalem moet ook gesien word in die lig dat die ander apostels hulle afgevaarig het na Samaria en nou gaan hulle terug om berig te bring van die Here se werk onder die Samaritane. Die Here sal hulle weldra uit hulle groef haal sodat hulle uiteindelik doen wat Hy hulle beveel het.

3. Handeling 8:26-40 – Filippus verkondig aan die Ethiopiër

26 En 'n engel van die Here het met Filippus gespreek en gesê: Staan op en gaan na die suide op die pad wat afloop van Jerusalem na Gasa. Dit is 'n eensame pad.

27 Toe het hy opgestaan en gegaan.

En daar was 'n man van Ethiópië, 'n hofdienaar, 'n staatsamptenaar van Kandacé, die koningin van die Ethiópiërs, wat oor al haar skatte was en na Jerusalem gekom het om te aanbid. 28 En hy was op die terugreis en het op sy wa gesit en die profeet Jesaja geles. 29 Toe sê die Gees vir Filippus: Gaan daarheen en bly by daardie wa.

30 En Filippus het daarheen gehardloop en hom die profeet Jesaja hoor lees; en hy sê: Verstaan u wel wat u lees?

31 En hy antwoord: Hoe kan ek tog as niemand my die weg wys nie?

Toe vra hy Filippus om op te klim en by hom te kom sit. 32 En die gedeelte van die Skrif wat hy besig was om te lees, was dít: Soos 'n skaap is Hy gelei om geslag te word, en soos 'n lam wat stom is voor die een wat hom skeer, so maak Hy sy mond nie oop nie. 33 In sy vernedering is sy oordeel weggeneem, en wie sal sy geslag beskrywe? Want sy lewe word van die aarde weggeneem.

34 En die hofdienaar antwoord en sê vir Filippus: Ek bid u, van wie sê die profeet dit, van homself of van iemand anders?

35 En Filippus het sy mond geopen en van hierdie Skrif af begin en die evangelie van Jesus aan hom verkondig.

36 En terwyl hulle voortreis op die pad, kom hulle by water; en die hofdienaar sê vir hom: Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word?

37 Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof.

En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.

38 En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop. 39 En toe hulle uit die water opklim, het die Gees van die Here Filippus skielik weggevoer, en die hofdienaar het hom nie meer gesien nie, want hy het sy weg met blydskap gereis.

40 Maar Filippus is in Asdod gevind. En hy het die land deurgegaan en die evangelie verkondig in al die stede, totdat hy in Cesaréa gekom het.

3.1 Vrae by Handeling 8:26-40

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">1. Hoe het Filippus die opdrag gekry om uit Samaria te gaan na die suide? (vers 26)2. Waarom sou dit 'n eensame pad wees? (vers 26) |
|--|

Dit is die tweede berig waar Lukas sê dat 'n engel van die Here aan gelowiges 'n opdrag gee. Die eerste berig lees ons in Handeling 5:19. 'n Engel van die Here het in die nag die gevangenis se deure oopgemaak en die apostels uitgelei met die opdrag dat hulle weer in die tempel moet gaan verkondig. By nie een van die twee berigte word gesê dat die gelowiges die verskyning van die engel gesien het nie. Hulle hoor slegs die opdrag. Filippus het **gehoor hoe die engel hom aansê** om vanuit Samaria na die suide te gaan na die pad wat van Jerusalem na toe Gasa gaan.

Filippus het tot dusver 'n geseënde bedieningstyd in Samaria beleef. Die Heilige Gees het hom gebruik om die evangelie aan die inwoners van Samaria te bring en baie het tot geloof in Jesus Christus gekom. Juis op hierdie tydstip roep die Here hom weg uit Samaria uit na 'n eensame pad wat van Jerusalem af Gasa toe loop. Filippus moes duidelik oortuig gewees het dat die Here hom nou op 'n ander plek wil gebruik as in Samaria. Daar was by Filippus geen twyfel oor die opdrag van die Here nie, want hy het dadelik opgestaan en gegaan (Hand 8:27).

Die hoofweg tussen Egipte en Damaskus is al langs die kus van die Middelandse See geleë. Wie ook al Jerusalem toe wil gaan, moet van die hoofweg afgaan aangesien Jerusalem heelwat oos van die hoofweg geleë is. In vergelyking met die

hoofweg langs die kus sou **die pad wat van Jerusalem af Gasa toe loop heelwat minder verkeer** dra. Daarom word dit 'n eensame pad genoem.

3. Wie is die man wat Filippus op hierdie eensame pad ontmoet? (vers 27)
4. Wat het hy in Jerusalem gaan doen? (vers 27)
5. Wat moes Filippus op bevel van die Heilige Gees doen? (vers 29 en 30)

Lukas stel die man op die eensame pad soos volg aan ons voor: **'n man van Ethiópië, 'n hofdienaar, 'n staatsamptenaar van Kandacé, die koningin van die Ethiópiërs, wat oor al haar skatte was.** Die Ethiopië waarvan hierdie man afkomstig was, is net suid van Egipte geleë in wat ons vandag ken as Soedan. Hy was 'n hofdienaar – die oorspronklike taal praat van 'n eunug, dit wil sê iemand wat ontman is aangesien hy in die paleis werksaam was.

Die rede waarom hy 'n eunug was, word bekend gemaak – hy was 'n staatsamptenaar van die Kandacé. Die Kandacé is die ampstitel van die koningin van Ethiopië, soos wat farao die ampstitel is van die koning van Egipte. In die laaste plek sê Lukas dat hierdie man oor die skatte van die Kandacé was. Dit wil sê, hy was iets soos 'n tesourier of minister van finansies in die paleis van die koningin van Ethiopië.

Hierdie Ethiopiër was dus 'n baie belangrike man. Dit sou waarskynlik ook duidelik gewees het uit sy kleredrag, die wa waarop hy gery sowel as 'n gevolg wat saam met hom op reis was. Hy was op sy terugreis op pad na Ethiopië na sy besoek aan Jerusalem. In Jerusalem het hy gegaan **om te aanbid.**

Die wyse waarop Lukas dit stel maak dit duidelik dat hierdie man iets te wete gekom het van die God van hemel en aarde – die God wat deur die Jode aanbid word. Dit is moontlik dat hierdie man dan ook 'n proseliet was – 'n heiden wat die Joodse geloof aangeneem het. Alhoewel hy 'n proseliet was of net 'n aanhanger van die Joodse geloof sou sy besoek aan Jerusalem tot 'n groot mate vir hom teleurstellend gewees het. Hy sou nie voluit kon deelneem aan die aanbidding by die tempel nie, aangesien hy ontman was (Deut 23:1). Hy sou hoogstens so ver as die voorhof van die heidene in die tempel kon gaan.

As hooggeplaasde in diens van die koningin van Ethiopië het hy egter die middele gehad om vir hom 'n boekrol van Jesaja aan te skaf. Alhoewel hy nie 'n bevredigende besoek in Jerusalem by die tempel kon bring nie, het hy nie opgegee om meer te wete te kom van God nie. Sonder dat hierdie man dit beseft het, het die Heilige Gees hom gelei in sy soeke na kennis van God. En kyk net hoe besonders lei die Heilige Gees hom. Hy lees uit Jesaja 53 – een van die duidelikste profesieë aangaande Christus as die lydende Knecht van die Here.

Die Heilige Gees het Filippus uitdruklik na die wa van die Ethiopiër gelei. In opdrag van die Heilige Gees moes Filippus **na die man se wa toe gaan en by die wa bly**. Wanneer Filippus by die wa kom en hoor dat die man uit die profesie van Jesaja lees, het hy presies geweet wat hy by hierdie wa moes maak. Hy moes die evangelie van Christus nie sommer net so in die algemeen nie, maar in besonder vanuit hierdie profesie aan die man verkondig. Daarom begin Filippus die gesprek met 'n oop en uitnodigende vraag: **Verstaan u wel wat u lees?**

- | |
|--|
| <p>6. Wat het die Ethiopiese man aan Filippus gevra? (vers 31)</p> <p>7. Watter deel van Jesaja het die man gelees? (vers 32-33)</p> |
|--|

Filippus het met sy oop en uitnodigende vraag vir die Ethiopiër geklink na iemand wat moontlik kennis het van die gedeelte wat hy gelees het maar nie verstaan nie. Op net so 'n oop en eerlike wyse maak die Ethiopiër dit aan Filippus duidelik **dat hy nie werklik begryp wat daar geskryf staan nie**. Hier is geen voorgee by hierdie man nie. Hy wil God beter leer ken, maar die middel wat hy tot sy beskikking het om God beter te leer ken, is nie vir hom verstaanbaar nie. Met sy vraag sê hy reguit dat hy iemand nodig het om vir hom te help verstaan.

Om die Woord van die Here te verstaan, het 'n mens inderdaad meer nodig as net 'n begrip van die taal reëls en die vermoë om te kan lees. 'n Mens het die Heilige Gees nodig om die Bybel te verstaan. Hierdie man weet nog nie dat hy die Heilige Gees nodig het nie. Tog het die Heilige Gees hom gelei om die boekrol van Jesaja aan te skaf. Die Heilige Gees het vir Filippus tot hier by die man se wa gebring en veroorsaak dat Filippus die vraag aan hom vra.

Vir Filippus word dit algaande duideliker waarom die Here hom juis hierheen gestuur het. Die Ethiopiër kom tot dusver nog net onder die indruk dat Filippus miskien iemand kan wees wat hom kan help om te verstaan na aanleiding van die vraag wat hy gevra het. Daarom het die Ethiopiër die vrymoedigheid om Filippus te nooi om saam met hom op die wa te ry.

Die Heilige Gees het die man gelei om uit Jesaja 53 te lees en in besonder **Jesaja 53:7-8**. Jesaja 53 is die laaste van die vier Knegliedere in Jesaja. Jesus het self 'n verwysing na Jesaja 53 gemaak toe Hy gesê het dat dit wat aangaande Hom geskryf staan in die Skrifte vervul moet word (Luk 22:37).

8. Wat was nie vir die Ethiopiese man duidelik in die profesie van Jesaja nie? (vers 34)
9. Hoe het Filippus die vraag van die Ethiopiërs beantwoord? (vers 35)

Die Ethiopiër **kon nie verstaan van wie daar in Jesaja geskryf word nie**. Op 'n manier het dit vir hom geklink asof die profeet van homself skryf. Maar in die wyse waarop dit geskryf is, klink dit ook asof die profeet miskien van iemand anders praat.

Waarskynlik het die Ethiopiese man reeds met ander Jode 'n gesprek gehad oor hierdie Skrifgedeelte. By hulle het hy verskillende verstaansmoontlikhede gehoor. Sommige sê dat Jesaja hier van die volk Israel geskryf het. Ander het weer gesê dat hy van homself geskryf het. Nog ander het gesê dat hy van die Messias geskryf het, maar die Jode was nie gretig om dit te aanvaar nie. In hulle verstaan van die Skrif kon die Messias nie 'n lydende kneg wees nie.

Filippus het by hierdie Skrifgedeelte begin en by ander Skrifgedeeltes uitgekom om net een ding te doen – **om Jesus aan hierdie man te verkondig**. Vir Filippus wat self vol van die Heilige Gees was en daarom ook 'n getuie van Jesus Christus, was dit die mees natuurlike ding om te doen – verkondig Jesus. Dit het hy in Samaria gedoen en nou het die Heilige Gees hom na hierdie man gebring. Na alles wat Filippus tot dusver beleef het en gehoor het, was daar by hom geen twyfel oor wat die Here wil hê hy by hierdie man op sy wa moet doen nie. Hy het verkondig wie

Jesus is en wat Hy gedoen het.

10. Waarom het die Ethiopiese man sy vraag so gestel oor die doop? (vers 36)
11. Wat is nodig vir die man om gedoop te word, volgens Filippus? (vers 37)
12. Wat het hierdie man geglo? (vers 37)

Alhoewel hierdie Ethiopiese man deur die Heilige Gees 'n aantrekking tot die God van die Jode gehad het, kon hy nie geheel en al deel word van die Joodse geloofsgemeenskap nie. Die bepaling in Deuteronomium 23:1 wat bepaal dat 'n ontmande man nie deel van die gemeente mag wees nie, sou die Jode verhinder het om aan hom die proseliete doop te bedien. Dit was **hierdie ervaring wat gemaak het** dat hy aan Filippus gevra het of daar iets is wat verhinder dat hy gedoop word.

Uit die optrede van hierdie Ethiopiese man kan 'n mens aflei dat die Heilige Gees groot ywer in hom gewerk het. Die geloof wat die Heilige Gees in hom gestort het, het so 'n kragtige uitwerking dat daar by hom geen twyfel is oor wat hy moet doen nie. Hy wil homself geheel en al aan die heerskappy van Jesus Christus onderwerp.

Volgens Filippus is daar net een vereiste voordat hierdie man gedoop kan word. **Hy moet met sy hele hart glo.** Daar moet by hom geen twyfel wees oor wie Jesus Christus is, wat Hy gedoen het en waarom Hy dit gedoen het nie. As hierdie man van die waarheid aangaande Christus oortuig is en hy glo dit met sy hele hart, is daar niks meer wat kan verhinder dat hy gedoop word nie.

Sonder om enigsins te wonder, bely hierdie man sy geloof met volle oortuiging. **Hy het geglo dat Jesus Christus die Seun van God is.** Hy het dus geweet wie Jesus is. Hy het geweet wat Hy gedoen het en waarom Hy dit gedoen het. Jesus Christus is die kern van die Christen se geloof. Sonder Christus kan 'n mens nie by God die Vader kom nie. In Christus het die gelowige alles wat hy nodig het om salig te kan lewe en sterwe. Hierdie Ethiopiese man het Jesus Christus in die geloof omhels as sy enigste Verlosser en Saligmaker.

13. Hoe het Filippus die doop aan hierdie man bedien? (vers 38)
14. Wat het met Filippus gebeur na die doop van hierdie man? (vers 39)

15. Wat is opmerklik aan die Ethiopiese man na die verdwyning van Filippus? (vers 39)
16. Waar het die Here vir Filippus verder gebruik? (vers 40)

Filippus het die doop aan hierdie man bedien soos wat dit gebruik was onder die Jode om te doop en soos wat Johannes die Doper ook gedoop het. Filippus en die Ethiopiër het in die water ingegaan sodat Filippus hom kon doop. Ons kan aanneem dat Filippus **hom onderdompel het** tydens die doop.

Met die belydenis van sy geloof in Jesus Christus en met die doop het hierdie Ethiopiër hom voluit vereenselwig met Jesus Christus. Hy het getuig dat hy homself onder die gesag van Jesus Christus onderwerp.

Na die doop het Filippus en die man uit die water uit opgeklim. **Die Heilige Gees het toe vir Filippus skielik weggevoer.** Filippus is fisies deur die Heilige Gees weggeneem, want die Ethiopiër het hom nie meer gesien nie. Hierdie hele gedeelte word deur die Heilige Gees beheers. Die Heilige Gees het Filippus na hierdie man op sy wa gelei vanuit Samaria. Die Heilige Gees het hierdie man gelei om op sy wa te sit en lees uit Jesaja. Die Heilige Gees het Filippus die insig gegee om van daardie Skrifgedeelte af Jesus Christus aan hierdie man te verkondig. En nou het die geloof wat die Heilige Gees in hierdie man gewerk het, sigbaar en hoorbaar geword en hy is gedoop.

Alles wat Filippus in opdrag van die Here hier by die man moes doen, is nou afgehandel. Daarom het die Heilige Gees Filippus skielik hier weggevoer na 'n ander plek waar die Here hom wil gebruik.

Die wyse waarop Lukas dit beskryf laat 'n mens verstaan dat die Ethiopiër die skielike verdwyning van Filippus nie as 'n verlies ervaar het nie. Hoe 'n belangrike funksie Filippus ook al in hierdie man se lewe vervul het, maak nie saak nie. Sy geloof is nie van Filippus afhanklik nie, maar van die Here Jesus in wie hy alles het in die geloof. Die Ethiopiër het nie meer vir Filippus gesien nie, **want hy het sy reis met blydschap voortgesit.**

Lukas berig dat die Heilige Gees vir Filippus weggevoer na ander heidense stede. Hy is in **Asdod** – ’n ou Filistynse stad – gevind. Filippus het van Asdod af al verder noord versit en sover as wat hy gegaan het, het hy die evangelie verkondig. Uiteindelik het hy hom in **Cesarea** gevestig waar Paulus en Lukas hom twintig jaar later ontmoet.

Dit is deur middel van Filippus wat Jesus die uitbreidingsplan van die evangelie al verder geneem het. Aanvanklik het Filippus onder die Jode in Jerusalem gewerk. Deur die vervolging wat teen die gemeente in Jerusalem uitgebreek het, het die Here Filippus na Samaria geneem waar hy ’n getuie van Jesus Christus was en waar die Samaritane ook tot geloof gekom het. En nou het die Here vir Filippus gebruik om die evangelie aan ’n Ethiopiër te bedien – iemand wat vir die mense van die ou tyd aan die einde van die aarde gewoon het.